



Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

*All in one easy-to-use app.*

**DOWNLOAD GO STUDY NOW**



Tap on the buttons above to download the app

 [www.gostudy.club](http://www.gostudy.club)



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2018**

**GEOGRAFIE V1**

**PUNTE: 225**

**TYD: 3 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Laat 'n lyn oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Moet NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Illustreer jou antwoorde met geannoteerde diagramme waar moontlik.
9. Die puntetoekenning is soos  
(2 x 1) (2) beteken dat TWEE feite vir EEN punt elk verwag word  
(2 x 2) (4) beteken dat TWEE feite vir TWEE punte elk verwag word
10. As woorde/aksiewerkwoorde soos **Noem, Identifiseer, Verskaf, Klassifiseer** in 'n vraag gebruik word, is EENwoord-antwoorde aanvaarbaar. As woorde/aksiewerkwoorde soos **Bespreek, Definieer, Verduidelik, Lewer Kommentaar, Evalueer, Regverdig, Stel voor** en **Staaf** in 'n vraag gebruik word, word VOLSINNE of frases verwag. Alle paragraafvrae moet in VOLSINNE beantwoord word.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE****VRAAG 1**

- 1.1 Kies die korrekte term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.1. J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Winde wat in die middelbreedtes / Ferrelsel ontstaan	A	Lugdrukgradiënt
1.1.2	Vertikale verlies van hitte	B	Adiabaties / vervalkoers
1.1.3	Konvergensiesone van die noordoos- en suidoos-passaatwinde	C	Lugmassa
1.1.4	Die krag wat as gevolg van verskille in druk ontwikkel	D	Aardradiasie
1.1.5	Baie sterk winde wat 10 km bo die aardoppervlakte waai	E	ITKS
1.1.6	Verlaging in temperatuur wat deur 'n verandering in lugdruk veroorsaak word	F	Westewinde
1.1.7	Die area waar westewinde en polêre oostewinde ontmoet	G	Sonradiasie
1.1.8	Groot liggaam lug met eenvormige eienskappe	H	Straalstroom
		I	Polêre front

(8 x 1) (8)

- 1.2 Kies die korrekte term tussen hakies om die stellings in VRAE 1.2.1–1.2.7 waar te maak. Skryf die korrekte woord/konsep langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 1.2.8 ITKS.

Wanneer 1.2.1 (**lava/magma**) onder die aardoppervlakte stol, ontstaan 'n 1.2.2 (**intrusiewe/ekstrusiewe**) landvorm. Die 1.2.3 (**kleinste/grootste**) van hierdie tipe landvorme, is die batoliet. Die 1.2.4 (**lopoliet/lakkoliet**) is 'n pieringvormige landvorm en word aan die magmakamer verbind deur 'n 1.2.5 (**pyp/plaat**). 'n Granietkoepel, soos Paarlberg, het as gevolg van die verwerking van 'n 1.2.6 (**lopoliet/lakkoliet**) of 'n 1.2.7 (**gang/batoliet**) gevorm

(7 x 1) (7)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3, wat die beweging van die warm en koue seestrome illustreer.
- 1.3.1 Wat is 'n seestroom? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Corioliskrag is een rede vir die ontwikkeling van seestrome. Verskaf TWEE ander redes. (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Hoe beïnvloed Corioliskrag die beweging van seestrome? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Verduidelik hoe seestroom **A** die weer van die aangrensende oostelike kusstreke van Afrika sal beïnvloed. (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Verwys na die beweging van die warm en koue seestrome.
- (a) Wat is die klimatologiese belangrikheid van hierdie beweging van die warm en koue seestrome? (1 x 2) (2)
- (b) Verduidelik hoe hierdie sirkelvormige beweging van die warm en koue seestrome verbind bly. (2 x 2) (4)
- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4, wat die ontwikkeling van 'n geostrofiese wind aantoon.
- 1.4.1 Noem die krag wat veroorsaak word deur die rotasie (draai) van die aarde. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Waarom is die aanvanklike beweging van lug in 'n noordelike rigting? (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Verskaf die windrigting by **A**. (1 x 1) (1)
- 1.4.4 In watter halfmond ontwikkel hierdie geostrofiese wind? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (1 + 1) (2)
- 1.4.5 Die wind by **B** is geostrofies. Staaf hierdie stelling. (1 x 2) (2)
- 1.4.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die geostrofiese wind ontwikkel. (4 x 2) (8)

1.5 Bestudeer die horisontaal liggende gesteentes in FIGUUR 1.5.

- 1.5.1 Noem die tipe horisontaal liggende landskappe **A** en **B**. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Watter tipe verwerking (chemies of meganies) domineer by landskap **A**? (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Verduidelik jou keuse in VRAAG 1.5.2 deur na die inligting in die foto te verwys. (2 x 2) (4)
- 1.5.4 In watter van die landskappe sal hoofwaartse (terugwaartse) erosie domineer? Motiveer jou keuse. (2 + 2) (4)
- 1.5.5 Verduidelik die geskiktheid van landskappe **A** en **B** vir boerdery. (2 x 2) (4)

1.6 FIGUUR 1.6 toon die ontwikkeling van 'n stapelrots (tor) oor tyd aan.

- 1.6.1 Wat is *stapelrotse (tors)*? (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Noem die massiewe stollingsgesteente waaruit stapelrotse ontwikkel. (1 x 1) (1)
- 1.6.3 Beskryf die voorkoms van die hedendaagse kernstene van die stapelrots. (1 x 2) (2)
- 1.6.4 Waarom is dit moontlik vir die kernstene om in posisie te bly, alhoewel dit baie los lyk? (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Omskryf die ontwikkeling van stapelrotse in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls. (4 x 2) (8)

**[75]**

**VRAAG 2**

2.1 FIGUUR 2.1 illustreer GLOBALE LUGSIRKULASIE. Beantwoord die volgende vrae deur die korrekte term/konsep vir die beskrywende frases (2.1.1–2.1.7) te verskaf, byvoorbeeld 2.1.8 Polêr.

2.1.1 Die area by **A** waar maksimum verhitting voorkom.

2.1.2 Die tipe lugdruk (hoogdruk of laagdruk) wat met die dalende lug by **B** geassosieer word.

2.1.3 Die drukgordel wat op die oppervlakte by **B** aangetref word.

2.1.4 'n Weersisteem by **C**, waar die westewinde en polêre oostewinde ontmoet.

2.1.5 Die tipe luginbeweging wat gewoonlik in die boonste atmosfeer by **A** ontstaan.

2.1.6 Die naam van die sel by **E**.

2.1.7 Noem die sel by **D**. (7 x 1) (7)

2.2 Kies die korrekte tipe massabeweging waarna die onderstaande beskrywings verwys. 'n Tipe massabeweging kan meer as een keer verskaf word. Skryf SLEGS die korrekte tipe massabeweging langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.8) neer.

Rotsstortings; Grondverskuiwing; Grondkruip; Solifluksie; Moddervloei

2.2.1 Wanneer 'n massa los gesteentes, grond en ander tipe puin teen 'n helling as 'n enkele eenheid afbeweeg

2.2.2 Dit kom voor wanneer grond- en gesteentepartikels uitsit en krimp

2.2.3 Die tipe massabeweging wat oor die algemeen by die eskarphelling voorkom

2.2.4 'n Vinnige vloei van 'n mengsel van gesteente of grond en water

2.2.5 Hierdie is die vinnigste tipe massabeweging

2.2.6 Die massabeweging wat algemeen voorkom in droë en halfdroë streke, en groot afstande dek

2.2.7 Dit vind plaas waar verdrinkte grond stadig langs gevriesde materiaal afbeweeg

2.2.8 Bewyse van hierdie tipe massabeweging is buiging van die grond en leunende pale (8 x 1) (8)



## 2.3 Verwys na die sinoptiese weerkaart FIGUUR 2.3.

- 2.3.1 Wat is 'n *sinoptiese weerkaart*? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Verskaf die druk in hektopascal by isobaar **A**. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Die seisoen wat deur die sinoptiese weerkaart voorgestel word, is somer. Noem TWEE bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart om hierdie stelling te staaf. (2 x 1) (2)
- 2.3.4 Noem die hoogdrukseel **B**. (1 x 1) (1)
- 2.3.5 Verduidelik hoe die ITKS die posisie van hoogdrukseel **B** beïnvloed het. (1 x 2) (2)
- 2.3.6 Verwys na die weerstasies wat by **C** omkring is.
- (a) Wat is die windrigting by hierdie weerstasies? (1 x 1) (1)
- (b) Evalueer die invloed van die laagdruk, oor die binneland, op die windrigting van die weerstasies. (1 x 2) (2)
- 2.3.7 Teken die weerstasie van Upington (vergroot) oor en bring die volgende veranderinge aan:
- Die temperatuur neem toe met 4 °C
  - Wolkdekking daal met  $\frac{2}{8}$
  - Windsnelheid neem toe met 10 knope
  - Die wind verander na 'n westewind
- (4 x 1) (4)

## 2.4 FIGUUR 2.4 stel verskillende tipes droogtes voor.

- 2.4.1 Definieer die term *droogte*. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Klassifiseer die tipes droogtes by **A**, **B** en **C**. (3 x 1) (3)
- 2.4.3 Evalueer die verhouding tussen tipe droogtes by **B** en **C**. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die sosiale impak wat droogtes op landbougemeenskappe sal hê. (4 x 2) (8)



- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5, wat landvorme wat as gevolg van hellende strata ontwikkel het, aantoon.
- 2.5.1 Onderskei tussen die duikhelling van 'n homokliene rug en 'n cuesta. (2 x 1) (2)
- 2.5.2 Het die landvorme in die sketse van FIGUUR 2.5 as gevolg van stollings- of sedimentêre gesteentes ontwikkel? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Noem die tektoniese proses wat kon veroorsaak het dat hierdie landvorme gekantel is. (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Verwys na die duikhelling en die eskarphelling in landvorme **A** en **B**.
- (a) Beskryf die verskil tussen die *duikhelling* en die *eskarphelling*. (1 x 2) (2)
- (b) Lewer kommentaar oor die feit dat erosie vinniger by die eskarphelling as die duikhelling is. (2 x 2) (4)
- 2.5.5 Waarom is landbou-aktiwiteite baie moeilik in hellende landskappe? (2 x 2) (4)
- 2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6, wat hellings in 'n semi-ariëde gebied verteenwoordig.
- 2.6.1 Klassifiseer hellings **A** en **B** volgens hulle vorm. (2 x 1) (2)
- 2.6.2 Verduidelik waarom plantegroei bykans onmoontlik is by hellingelement **C**. (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Verwys na die hellingterugwyking-prosesse.
- (a) Wat is *hellingterugwyking*? (1 x 1) (1)
- (b) Watter EEN van die helling-teorieë sal in die area wat deur die skets geïllustreer word, voorkom? (1 x 1) (1)
- (c) Verduidelik jou keuse in VRAAG 2.6.3 (b). (1 x 2) (2)
- 2.6.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, onderskei tussen die belangrikste kenmerke van hellingelemente **C** en **D**. (4 x 2) (8)

[75]

## AFDELING B: ONTWIKKELING EN HULPBRONNE

### VRAAG 3

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) neer, byvoorbeeld 3.1.8 D.

3.1.1 Die gebruik van hulpbronne en tegnologie om die lewenskwaliteit en lewenstandaard in 'n land te verbeter, word ... genoem.

- A volhoubare ontwikkeling
- B ontwikkeling
- C infrastruktuur
- D verantwoordelike ontwikkeling

3.1.2 ... is 'n voorbeeld van een aspek van die MOI (Menslike Ontwikkelingsindeks).

- A Geboortekoers, sterftesyfer en kindersterftesyfer
- B Vlak van opvoeding en geletterdheidsyfer
- C Bruto Nasionale Produk en Bruto Binnelandse Produk
- D Voedsel en voeding

3.1.3 Die ontwikkelingsmodel wat deur Friedmann in 1966 ontwikkel is, is die ...

- A kern-periferie model.
- B volhoubare ontwikkelingsmodel.
- C model van ekonomiese groei.
- D MOI-model.

3.1.4 ... ekonomiese aktiwiteite dra die minste by tot die BBP in ontwikkelde lande.

- A Tersiere
- B Primêre
- C Sekondêre
- D Kwaterneêre

3.1.5 Suid-Afrika is deel van die ... handelsblok.

- A BRICS
- B ASEAN
- C OPEC
- D NAFTA

3.1.6 Onbeperkte handel van goedere en dienste tussen lande sonder die beperkinge van tariewe en kwotas, word ... genoem.

- A regverdige handel
- B subsidie
- C handelsbeperkings
- D vryhandel

3.1.7 'n Soort ontwikkelingshulp waar MEDC's slegs mense in nood help, staan bekend as ...

- A voorwaardelike hulp.
- B tegniese hulp.
- C bilaterale hulp.
- D humanitêre hulp.

(7 x 1) (7)

3.2 Kies die korrekte term/frase wat by die onderstaande beskrywing pas. Skryf die korrekte term/frase langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.8) neer.

Suurreën; A-horison; Natuurlike hulpbronne; Biota; Humus; Termiese elektrisiteit; Hidroëlektrisiteit; Koolstofwandel; Kweekhuisgasse; Groen ekonomie; Volhoubare ontwikkeling

3.2.1 Waardevolle materie / bronne soos olie, steenkool en hout wat in die natuur voorkom

3.2.2 Die organiese materiaal in grond wat bestaan uit die oorblyfsels van plante en diere

3.2.3 Het ten doel om omgewingskade te verminder

3.2.4 Energie wat deur lopende water geproduseer word

3.2.5 Om die uitputting van natuurlike hulpbronne te vermy vir toekomstige gebruik deur volgende generasies

3.2.6 Die soort neerslag wat in omgewings met oormatige lugbesoedeling voorkom

3.2.7 Gasse wat koolstofdioksied bevat en die atmosfeer besoedel

3.2.8 Lewende organismes soos plante, diere, insekte, ens.

(8 x 1) (8)

3.3 FIGUUR 3.3 illustreer die ekonomiese noord/suid verdeling.

3.3.1 Noem die kontinente **A** en **B** wat in die spotprent voorkom. (2 x 1) (2)

3.3.2 Noem EEN historiese/geskiedkundige faktor wat moontlik die verhouding wat hier geïllustreer is, tussen die vastelande kon veroorsaak het. (1 x 1) (1)

3.3.3 Verwys na die beweging van kommoditeite (grondstowwe en vervaardigde goedere) tussen vastelande **A** en **B**.

(a) Watter van die kontinente (**A** of **B**), in die spotprent, is meer ontwikkel? (1 x 1) (1)

(b) Verduidelik TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 3.3.3 (a). (2 x 2) (4)

(c) Bespreek hoe die geïllustreerde beweging van kommoditeite kontinent **A** negatief sal beïnvloed. (3 x 2) (6)

3.4 Verwys na FIGUUR 3.4 wat die impak van globalisering uitbeeld.

3.4.1 Wat is *globalisering*? (1 x 1) (1)

3.4.2 Verduidelik waarom die werker nie baie gelukkig lyk om deur die VSA 'gehelp' te word nie. (1 x 2) (2)

3.4.3 Hoekom dink jy word China uitgebeeld as die kleinste in die spotprent? (1 x 2) (2)

3.4.4 Verwys na die karakters wat multi-nasionale en plaaslike regerings verteenwoordig.

(a) Wat is *multinasionale*? (1 x 1) (1)

(b) Verduidelik waarom dit lyk asof multinasionale en plaaslike regerings goeie vriende is. (1 x 2) (2)

3.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, lewer kommentaar op die sosiale impak van globalisering op ontwikkelende lande. (4 x 2) (8)

- 3.5 Lees die uittreksel in FIGUUR 3.5, oor die Switserse stem teen kernkrag.
- 3.5.1 Noem die verskil tussen *hernieubare* en *nie-hernieubare energiebronne*. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Noem ENIGE TWEE hernieubare elektrisiteitsvoorsieningsbronne wat in die GEVALLESTUDIE genoem word, wat as 'n alternatief vir kernkrag gebruik kan word. (2 x 1) (2)
- 3.5.3 Die Switserse regering wil kernkrag uitfaseer. Gee TWEE redes vir hierdie besluit. (2 x 1) (2)
- 3.5.4 Bespreek TWEE negatiewe gevolge van kernkrag wat hierdie besluit van die Switserse regering soos in VRAAG 3.5.3 genoem, sal ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.5.5 As die Switserse regering die vyf kernkragstasies sluit, verduidelik TWEE negatiewe impakte wat dit op die Switserse ekonomie kan hê. (2 x 2) (4)
- 3.6 Bestudeer die inligting in FIGUUR 3.6 oor grond as 'n nie-hernieubare hulpbron.
- 3.6.1 Noem enige EEN komponent van grond. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Wat is die grootste uitdaging wat grond teen 2050 as 'n hulpbron in die gesig staar? (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Noem hoe hierdie uitdaging (antwoord op VRAAG 3.6.2) die grondhulpbronne sal beïnvloed. (2 x 1) (2)
- 3.6.4 Verskaf vanuit die inligting in FIGUUR 3.6, TWEE effekte van matige tot hoogs gedegradeerde grond. (2 x 1) (2)
- 3.6.5 Verwys na volhoubare grondbestuur.
- (a) Wat is die uiteindelijke positiewe effek van volhoubare grondbestuur? (1 x 2) (2)
- (b) Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, hoe 'hou grond beplant' en 'bevordering van wisselbou' as volhoubare grondbestuurprosesse sal help om grond te red. (4 x 2) (8)
- [75]

**VRAAG 4**

- 4.1 Kies die korrekte term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–I) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.9 J.

<b>KOLOM A</b>		<b>KOLOM B</b>	
4.1.1	Laat meer vryheid van handel toe	A	Handelsvoorwaardes
4.1.2	Die verhouding tussen pryse waarvoor 'n land sy uitvoere verkoop en die pryse wat dit vir sy invoere betaal	B	Handelsbalans
4.1.3	Belasting wat ingevorder word, wanneer goedere 'n land binnekom	C	Proteksionisme
4.1.4	'n Finansiële opsomming van alle betalings wat deur 'n land aan die res van die wêreld gemaak word	D	Handelsbevryding
4.1.5	Die verhouding tussen die waarde van 'n land se uitvoere en sy invoere	E	Betalingsbalans
4.1.6	'n Amptelike verbod op handel of ander kommersiële aktiwiteite met 'n land	F	Handelsblok
4.1.7	'n Kontrole wat handel beperk, onderdruk of ondersteun om daardeur na die belange van 'n land om te sien	G	Embargo
4.1.8	Die groep lande wat ingestem het om met mekaar handel te dryf	H	Vryhandel
		I	Tarief

(8 x 1) (8)

- 4.2 Kies die korrekte term/woord tussen hakies wat elk van die volgende stellings WAAR sal maak.

- 4.2.1 Die faktore wat veroorsaak word deur die werk van plante, diere en mense, staan as (biotiese / abiotiese) faktore bekend.
- 4.2.2 (Ontbossing / bebossing) is boomaanplanting op grond wat voorheen bebos was maar daarna gestroop ('cleared') is.
- 4.2.3 Om gebiede van die aarde in hul huidige toestand te hou, onaangeraak deur die mens, staan bekend as (bewaring / preservering).
- 4.2.4 Die (Kyoto-protokol / Montreal-protokol) wat in 2002 onderteken is, vereis lande om kweekhuiskasvrystellings te verminder.
- 4.2.5 Windkrag is (betroubaar / onbetroubaar) dwarsdeur die jaar.
- 4.2.6 Hidroëlektrisiteit is 'n (konvensionele / nie-konvensionele) energiebron.
- 4.2.7 Die kragstasie (Eskom / Koeberg) lewer meeste van die energie vir die mense van Suid-Afrika.

(7 x 1) (7)



4.3 Gebruik die inligting in FIGUUR 4.3 oor geslagsgelykheid.

- 4.3.1 Wat is *geslagsgelykheid*? (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Verskaf TWEE bewyse uit die data wat aandui dat vroue finansiële benadeel is. (2 x 1) (2)
- 4.3.3 Verduidelik die impak van jou antwoord op VRAAG 4.3.2 op huishoudings waar vroue aan die hoof is. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf die positiewe ekonomiese gevolge van die toename van vroue op die direksies van maatskappye. (4 x 2) (8)

4.4 Lees die uittreksel oor uitvoer-gerigte ontwikkeling in ontwikkelende lande.

- 4.4.1 Definieer die term *uitvoer-gerigte ontwikkeling*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Noem EEN aansporing wat die regering nywerhede kan aanbied om 'n uitvoer-gerigte kommoditeit te produseer. (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Wat is, volgens die artikel, die hoofdoel daarvan om 'n uitvoer-gerigte groeistrategie te implementeer? (1 x 1) (1)
- 4.4.4 Behalwe die hoofdoel van uitvoer-gerigte groei, genoem in VRAAG 4.4.3, verduidelik TWEE redes waarom uitvoer-gerigte groei belangrike vir ontwikkelende lande is. (2 x 2) (4)
- 4.4.5 Evalueer hoe vervaardigde goedere nadelig vir ontwikkelende lande kan wees. (2 x 2) (4)
- 4.4.6 Lewer kommentaar op die belangrikheid daarvan om buitelandse valuta te verdien uit uitvoer-gerigte kommoditeite. (2 x 2) (4)

4.5 Bestudeer FIGUUR 4.5 wat maniere illustreer waarop die koolstofvoetspoor verminder kan word.

- 4.5.1 Wat is 'n *koolstofvoetspoor*? (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Noem TWEE bronne van CO<sub>2</sub>-vrystellings in die skets. (2 x 1) (2)
- 4.5.3 Verduidelik TWEE maniere waarop huishoudings hul elektrisiteitsverbruik kan verminder en sodoende hul koolstofvoetspoor kan verminder. (2 x 2) (4)



4.5.4 Verwys na herwinning as 'n manier om die koolstofvoetspoor te verminder.

(a) Wat is *herwinning*? (1 x 1) (1)

(b) Lewer kommentaar op die feit dat herwinning hulpbronne en energie bespaar. (3 x 2) (6)

4.6 Die statistieke in FIGUUR 4.6 toon die elektrisiteit wat vanaf 2005 tot 2014 in Suid-Afrika geproduseer is.

4.6.1 Wat is 'n *konvensionele energiebron*? (1 x 1) (1)

4.6.2 Wie het die meeste energie in Suid-Afrika in 2014 geproduseer? (1 x 1) (1)

4.6.3 Hoeveel gigawatt-energie is in 2014 vervaardig? (1 x 1) (1)

4.6.4 Watter jare het die minste en meeste energie onderskeidelik geproduseer? (2 x 1) (2)

4.6.5 Noem DRIE konvensionele energiebronne wat vir die opwekking van energie gebruik word. (3 x 1) (3)

4.6.6 Bespreek in 'n paragraaf van AGT reëls die negatiewe impak van konvensionele energiebronne op die omgewing. (4 x 2) (8)

[75]

**GROOTTOTAAL: 225**